

Sondag 4 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:16

Die Heilige Gees is in beheer van my lewe

Die kernwaarheid van hierdie vers is: God is deur sy Heilige Gees in beheer van my lewe. As gelowige moet ek my lewe in al sy fasette elke dag aan God se wil toets. Ek kan nie maar maak wat ek wil en wat vir my mooi en lekker en aanneemlik is, asof niemand iets oor my lewe te sê het nie. Dan bedroef ek die Heilige Gees. Dan staan die groot ek in die middelpunt. Nee, die Gees van God beheers my lewe, en Paulus sê: As God deur sy Heilige Gees in beheer is van my lewe, sal ek nooit swig voor die begeertes van my sondige natuur nie (5:16). Toets jou lewe aan dit wat God deur sy Heilige Gees wil hê as jy by jou werk is, as jy met vakansie is, as jy op die sportveld is, as jy jou kinders opvoed, wanneer jy in 'n argument betrokke is, in jou optrede teenoor jou man of vrou, wanneer jy jou motor bestuur. In vers 17 sê Paulus dit so mooi: “Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.”

As die Gees van God jou lewe beheers, dan sal jy die pragtige vrugte van die Gees in jou lewe vertoon: liefde, vreugde, vrede, ge-duld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en self-beheersing (5:22, 23). Dan is jy 'n mooi mens wat die beeld van Christus vertoon. Dan is jy 'n Gees-vervulde mens, want die Heilige Gees beheer jou lewe en nie jyself met jou sondige drifte nie.

Die vertikale lyn na Bo bevat die bede: Here, lei my elke dag deur u Heilige Gees. Dan sal die vrugte van die Heilige Gees op die horisontale lyn van my lewe pragtige vrugte dra waardeur God verheerlik word.

Sing: Skrifberyming 2-4:3

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)